INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

# AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

## NASIENRIGLYNE

Tyd: 2½ uur | 100 punte

---

**Hierdie nasienriglyne word voorberei vir gebruik deur eksaminatore en hulpeksaminatore. Daar word van alle nasieners vereis om 'n standaardiseringsvergadering by te woon om te verseker dat die nasienriglyne konsekwent vertolk en toegepas word tydens die nasien van kandidate se skrifte.**

**Die IEB sal geen gesprek aanknoop of korrespondensie voer oor enige nasienriglyne nie. Daar word toegegee dat verskillende menings rondom sake van beklemtoning of detail in sodanige riglyne mag voorkom. Dit is ook voor die hand liggend dat, sonder die voordeel van bywoning van 'n standaardiseringsvergadering, daar verskillende interpretasies mag wees oor die toepassing van die nasienriglyne.**

---

IEB Copyright © 2024 

## AFDELING A LEESBEGRIP

### VRAAG 1

1.1 Negatief (1)
Emosies soos vrees en angs – negatiewe emosies – word deur die persoon beleef. (1)

1.2 1.2.1 WAAR

1.2.2 "per ongeluk"

1.3
- neem beheer van jou eie lewe
- sorg beter vir jouself
- maak gesonder keuses
- maak beter besluite
- kreatief
- produktief

(Enige 1)

1.4
- Jy maak minder sosiale vergelykings wat ongesond is.
- Verminder perfeksionistiese denke
- Vermy FOMO (ervaar minder FOMO)

(Enige 2)

1.5
- Jy sal voel asof jy nie genoeg tyd het nie.
- Jy sal baie stres ervaar.

(Enige 1)

1.6
- Jy leef meer in die oomblik.
- Jy het waardering vir dit wat jy het.
- Jy is minder bekommerd oor wat jy misloop.
- Jy vind genot in jou lewe.

(Enige 1)

1.7 Dit is makliker om die positiewe dinge in die lewe te waardeer as jy jou fokus plaas op dit wat jy het.

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 2 VISUELE BEGRIP

2.1 In die slaapkamer.

2.2
- Sy plakkies lê op die vloer.
- Hy het nie die kontrole vir die speletjie gebêre nie.
- Sy bed lyk asof dit nie opgemaak is nie.

(Enige 1)

2.3
- Sy voet is op die stoel.
- Sy hande is agter sy kop.
- Sy oë is toe.
- Hy glimlag.
- Hy lê op die bed.

(Enige 2)

2.4 Buks se matriekuitslae is nie goed nie. / Buks het nie in sy matriekjaar hard gewerk nie. / Buks het 'n gap-jaar(oorbruggingsjaar) gedurende matriek geneem.

2.5 Die koerant

2.6
- Hy speel speletjies – die kontrole lê op die vloer.
- Hy speel basketbal – daar is 'n net teen die muur.
- Neem deel aan sport – daar is 'n prent van 'n sportman teen die muur.
- Hy neem aan liggaamsbou deel.

(Enige 2)

2.7 Prente / skilderye / plakkate / 'n basketbalnet

2.8 Die karakters in hierdie prent het kortmou hemde aan en Buks het 'n kortbroek aan.

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 3 ADVERTENSIE

3.1 3.1.1 ONWAAR

3.1.2 "Wen een van **twee** vakansies na Mauritius ter waarde van $120 000!"

3.2
- Daar is 'n palmboom
- Sambreel
- Strandsak
- Snorkel en duikbril
- Golwe
- Strandstoele
- Opblaasring
- Strandkasteel
- Emmer

(Enige 1)

3.3 Daar is 'n groot gesig wat lag op die advertensie.

3.4 World Leisure Holidays

3.5 Die grap moet Afrikaans wees (1)
Die grap moet skoon wees (1)

3.6 Nee. (1)
Jy mag nie meer as drie grappe inskryf nie. (1)

3.7 Beoordelaars/ervare grapvertellers.

## AFDELING B OPSOMMING

### VRAAG 4

1. Meng met mense van alle ouderdomme.
Jy sal dan gemaklik kan kommunikeer met mense wat anders as jy is. (19 woorde)

2. Stel grense deur jou eie opinies te hê. / Leer wanneer om "nee" te sê, anders kom jy dalk in ongemaklike situasies. (15 woorde)

3. Druk jou emosies op die regte manier uit sodat jy ander mense se emosies (gemoed) kan verstaan. (17 woorde)

4. Maak/Kies vriende wat dieselfde waardes as jy het.
Jy sal minder konflik tuis en met jou nuwe vriende hê. (19 woorde)

5. Wanneer jy jouself by vriende kan wees, het jy minder angs en 'n beter selfbeeld. / Kies vriende saam met wie jy jouself kan geniet om minder angs te ervaar en 'n beter selfbeeld te hê. (15 woorde)

**[75 woorde]**

**LET WEL:**

- Sinne moet van 1 tot 5 genommer word, geen kolpunte nie.
- Laat 'n reël oop tussen sinne.
- 'n Sin moet 'n werkwoord bevat.
- Elke punt bevat twee feite. Elke punt/sin(ne) tel twee punte.
- As die opgesomde sin dus gedeeltelik korrek is, word 1 punt toegeken.
- Een feit mag nie oor twee punte strek nie.
- Voegwoorde en/of infinitief moet gebruik word om twee feite te verbind.
- Indien al vyf sinne korrek is, behaal die kandidaat 10 uit 10.
- Sinne mag nie woord vir woord uit die teks aangehaal word nie.
- Taalfoute word nie gepenaliseer nie. Elke sin moet egter die betrokke feit of hoofgedagte korrek kommunikeer.
- Spelfoute word nie gepenaliseer nie tensy dit die betekenis beïnvloed.
- –½ vir elke direkte aanhaling, dus minus 2½ in totaal.
- –1 as 'n leerder nie die woordtelling aandui nie.
- –1 as 'n leerder die woordtelling heeltemal verkeerd aandui.
- –1 as leerder minder as 60 of meer as 80 woorde skryf.

IEB Copyright © 2024

## AFDELING C POËSIE

## VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG

**Daarom** – Ilna Stander

5.1 Hy is 'n tiener / in die puberteitsfase / hy is 'n jong man.

5.2 Negatief. (1)
- Hy sê dat hy lelik is.
- Sy vel is lelik.
- Sy ledemate is buite proporsie.
- Hy het nog nie 'n behoorlike snor nie.

(Enige 1 rede in eie woorde)

5.3 "die groot krater"

5.4
- Sy stem het nog nie gebreek nie.
- Sy stem is besig om te breek.
- Sy stem is nóg hoog nóg laag.
  (Of 'n omskrywing van die begrip.)

5.5 'n Parentese

5.6
- Dit kom nie natuurlik vir hom nie.
- Hy is bang dat iemand hom sal sien.
- Hy wil graag inpas by die ander en moet oefen om soos hulle te lyk.
- Hy kry skaam dat hy dit moet oefen.

(Enige 1)

5.7 B (Desperaat)

5.8 Ja (1)
Die woord dui die vlak van die seun se frustrasie/woede aan. (1)

**OF**

Nee (1)
Daar is beslis ander woorde wat sy frustrasie sou kon aandui. (1)

## VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

**Die wêreld het so klein geword** – Alta Marincowitz

6.1 Toe

6.2
- Hulle moes boeke raadpleeg/uitneem.
- Hulle moes na 'n biblioteek toe gaan.
- Hulle het inligting in boeke gekry.

6.3
- Hulle het met mekaar oor die telefoon gepraat.
- Hulle het mekaar gebel.

6.4 Die televisie/TV (NIE kassie nie)

6.5 Nee. Sy het gesien hoe dit lyk, maar nie volgens die gedig een besit nie. / Die gedig sê dat sy dit VOOR haar matriekjaar gesien het.

6.6
- "die web is my werf..."
- "en klankloos klets en kuier."

(Enige 1)

6.7 6.7.1 Facebook (sosiale media)

6.7.2 Hulle wys net die mooi gedeelte van hul lewe op sosiale media. / Hulle wys nie hul ware self op sosiale media nie. / Hulle wys net die dele wat hulle wil hê ander mense moet sien.

6.8 onmiddellik

6.9 enjambement

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

**Selfportret** – André le Roux

7.1 Die spreker is 20 jaar oud (meeste mense is nie meer 20 op skool nie).

7.2 Nee. (1)
"sommer" **OF** "nêrens" (1)

7.3 Nee, (1)
"sonder haas" (1)

7.4
- Hy het nie geld vir 'n bus nie.
- Hy ignoreer die motors wat hom dalk 'n geleentheid kan gee.

(Enige 1)

7.5 "se dik jasse in die venster nie" (reël 14)

7.6
- hy **s**tap **s**ommer
- **s**y **s**koene **s**keef getrap
- **s**tap **s**ommer

(Enige 1)

7.7 B (Inkeping)

7.8
- Oneweredige versreëls of strofebou.
- Daar is halfrym (alliterasie).
- Geen vaste rymskema nie.
- Geen hoofletters.
- Geen leestekens.

## AFDELING D TAALVAARDIGHEDE

## VRAAG 8 SINSTRUKTURE

8.1 Verlede jaar het die ma van die geskenke weggehardloop.

8.2 Later vanjaar sal die gesin baie geskenke hê om toe te draai.

8.3 Aangesien die ma baie geskenke gekoop het, gaan sy lank daaraan toedraai.

8.4 Nee, die gesin het nie meer tyd om so baie geskenke toe te draai nie.

8.5
- Baie geskenke is vanjaar aanlyn deur die ma gekoop.
- Baie geskenke is vanjaar deur die ma aanlyn gekoop.

8.6 Die seun vra waarom (sy)ma/Ma weghardloop.

8.7
- Die vis wat voor die seun is, skrik baie groot.
- Die vis wat baie groot skrik, is voor die seun.

8.8 Die seun behoort al die geskenke sitkamer toe te bring.

8.9 Nee, daar is nêrens geskenke wat uitgedeel moet word nie.

8.10 Die pa sit in die stoel omdat hy nie wil help nie.

8.11 Die geskenke waarop Ma die name skryf, is toegedraai.

8.12
- Al is dit harde werk om die geskenke toe te draai, is dit lekker om dit te ontvang.
- Al is dit lekker om dit te ontvang, is dit harde werk om die geskenke toe te draai.

8.13 Dit is vakansietyd, daarom ontvang mense baie geskenke.

8.14 Die ma draai jaarliks die geskenke in die sitkamer toe.

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

9.1 oor

9.2 goed

9.3 gesinnetjie

9.4 draaie

9.5 skoene

9.6 blitsvinnig

9.7 vroeër

9.8 daagliks

9.9 geliefde

9.10 in plaas van

9.11 persente

9.12 drome

IEB Copyright © 2024

## VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

10.1 Sal jy my asseblief help met my branderplank, Emma.
Ek het as kind amper verdrink. (15 woorde)

10.2 Ek wil nie hier wees nie.
Ek verkies dit om in die berge te wees, want die sand krap my. (20 woorde)

10.3 Die roomys is nie so lekker soos wat ek verwag het nie.
Ek het gedink dis meer romerig. (18 woorde)

10.4 Ek sien al so lank uit hierna. Dis wonderlik!
Ek kan nie wag om die koel water te voel nie. (20 woorde)

10.5 Ek is mal oor die hitte van die somer.
Ek swem graag en speel vlugbal saam met my gesin. (19 woorde)

**LET WEL:**

- 2 × ½ = inhoud; 2 × ½ = taal
- Spelling word nie gepenaliseer nie, tensy betekenisverandering plaasvind.
- By elke sin moet 'n akkurate woordtelling gegee word. Minus ½ indien nie gegee.
- Minus ½ per tipe taalfout per vraag (10.1/10.2 ...), tot 'n maksimum van 1 punt per vraag.
- Leerders mag meer as een sin skryf solank hulle by woordtelling hou.
- Indien taal korrek is, maar inhoud verkeerd, kan die leerder nog 'n punt vir taal kry.
- Direkte rede is 'n vereiste, maar geen aanhalingstekens of inleiding word verwag nie.
- Leerders moet by die voorgeskrewe woordtelling hou. Indien die woordtelling oorskry word, of te min is, is dit minus 'n ½ PER RESPONS. Geen grasie word meer toegelaat nie.
- Geen ENGELSE woorde sal as korrek aanvaar word nie. Ons hou Engelse woord toe, en lees dit dan so. Meestal beteken dit dan 0 vir INHOUD.

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2024